COVID RERGULASIES EN ONS EREDIENSTE

Soos jy weet word erediensbywoning weer beperk tot 50 lidmate. Hiermee saam moet al die covid regulasies vir byeenkomste streng gevolg word. Ons eredienste die afgelope tyd se bywoningsyfer was gewoonlik so tussen 80 en 100 lidmate. Sondagoggend se bywoningsyfer het skerp afgeneem, wat vir ons die gedagte gee dat al meer lidmate hulleself weerhou om in kontak te wees met groepe mense.

Sondagoggend is vir die lidmate wat teenwoordig was gevra wat hul mening is t.o.v. die tydelike afstel van ons eredienste. Die helfte van die teenwoordiges het aangedui dat hulle ten gunste is van ‘n tydelike afstel van eredienste.

Daarna het die kerkraad vergader en is besluit om die eredienste, kategese,Bybelstudiegroepe tot en met 25 Julie 2021 af te stel. In die laaste week van Julie sal ons weer die voorstel oorweeg en besluit wat om verder te doen.

Dit is glad nie lekker om so ‘n besluit te neem nie. Tog is ons lidmate se gesondheid en welwese vir ons almal ‘n ernstige aangeleentheid. Daarom gaan ons soos in die verlede voort om ons oggenddienste op te neem en op die webblad te plaas. Die eredienste sal ook op die whatts app groep geplaas word. Oggendoordenkings sal weer soggens per whats app aan gestuur word. Die boodskappe sal ook op ons facebookblad geplaas word.

Baie dankie vir julle begrip in die verband. Ek bid vir elkeen as lidmaat in ons gemeente. Mag die Here jou seen met Sy teenwoordigheid en beskerming.